### *Mathael oor die weg na die ware lewe*

**31** **Cyrenius** sê: "Goed dan, laat maar hoor, hoewel ek streng sal oordeel!

[2] Sê my dan, wyse Mathael, as dit in die algemeen so is met die lewe soos wat jy voorheen met sulke skerp argumente uiteengesit het, wat moet al die miljoene dan te wagte wees wat niks weet van dit alles nie en die talle miljoene wat in die toekoms ná ons êrens op die groot aarde gebore sal word en ook niks daarvan sal verneem nie; hoe is dit met al hierdie mense se ewige lewe?"

[3] **Mathael** sê: "Baie goed! Hulle het ook almal `n leer gehad wat voldoende was om die fantasie van die siel aktief te hou. Mettertyd wortel die siel in so `n fantasie in en leef vervolgens daarin soos in `n droom en in die droom kan sy duisende jare lewe.

[4] Maar dit is nog lank geen werklike ewige lewe nie. Sulke siele moet uiteindelik, as hulle tot `n egte ewige lewe wil kom, in die sogenaamde geesteswêreld `n baie groter stryd lewer en groter beproewinge deurstaan as die stryd waarvan ek voorheen slegs sydelings van gewag gemaak het.

[5] Wie egter híer op hierdie weg gaan, weliswaar met die nodige inspanning en met die ware wyse lewenserns, bereik binne enkele jare in alle waarheid, duidelikheid en met volle sekerheid die ewige lewe, wat hy elders deur die slaperige ingesteldheid van die siel slegs na etlike honderde, of selfs na talle duisende jare sal kan bereik, as dit goed gaan. Maar as daar ook maar iets fout gaan, kan `n hier of elders heeltemal bedorwe siel ook eons na eons `n baie miserabele droomlewe geniet, waarin sy behalwe haarself en haar baie miserabele fantasiebeelde niks waar of reël, of iets buiten haarself te sien kry nie. Ondanks dit doen sy tog bittere ervarings op, wat haar leer dat sy omring is deur loutere vyande waarteen sy haar nie kan verweer nie, omdat sy dit net so min kan sien as wat `n stokblinde op hierdie wêreld kan sien waarvandaan die vyand kom of waar ander gevare op hom wag!

[6] Maar `n stokblinde mens is ondanks al sy blindheid tog nie heeltemal sonder lig nie, want die fantasie van sy siel vorm vir hom tog altyd `n bron van lig en die blinde sien dinge wat, deurdat dit enigsins verlig is, daar soos natuurlike dinge uitsien, maar dit is nie blywend nie, en die lig daarvan ook nie. Soms is dit helder, dan weer baie wasig en dikwels verdwyn dit ook heeltemal, sodat so `n blinde dan werklik gedurende enige tyd heeltemal sonder lig en werklikheid is.

[7] Wel, byna net so gaan dit met `n siel as sy volledig afgesonderd is. Sy het dán lig en dán weer duisternis. Nóg lig nóg duisternis sien die siel egter as `n realiteit, maar slegs as `n tydelike afskaduwing van dit wat die siel, sonder om dit te weet of te wil, opneem uit die sfeer rondom haar, so ongeveer soos waarop `n doudruppel wat aan die gras hang die beeld van die son in homself opneem. Die druppel is nou wel verlig, maar sy bewussyn gaan nie so ver dat hy met insig sou kon waarneem waarvandaan die lig sy liggaam binnegedring het nie.

[8] Wat ek jou hier namens my vier broers sê, het te make met ons ervaring, wat gepaard gegaan het met baie lyding, en wat al die skynbare lewe geskei het van die werklike, die egte vrye, selfstandige lewe.

[9] Jy het hier `n passiewe en onvrye, of `n aktiewe en daarom heeltemal vrye, goddelike lewe voor jou. Dit hang nou van jou wil af of jy die een of die ander wil. So staan die sake nou eenmaal en geen Elohim kan ander, geldige lewensomstandighede vir jou opstel nie.

[10] Ek wil dit nog vir jou sê: My siel, waarvan die innerlike waarneming steeds helderder word, is nou self in staat om die Verlosser te sien en Hom te herken wat haar net kort gelede deur die mag van Sy vrye, goddelike lewe vrygemaak het van `n aantal onsigbare vyande van die hoëre, vrye lewe. Kyk, in Hom is méér as in die hele sigbare, geskape heelal.

[11] Maar Hy, die ewig op Homself bewuste middelpunt van al die bestaan en al die lewe, wil nou Sy lewe en daardeur die lewe van alle mense, deur Sy lewe nog meer bevestig. Dit sal Hy egter slegs bereik deur `n ongelooflike selfverloëning. Hy sal Sy huidige lewe gee om daardeur die ewige glansrykheid van al die lewe vir Homself, en sodoende ook vir alle mense binne te gaan. Dán eers sal alle skepsele as`t ware `n ander gesig en `n ander innerlike orde kry. Maar tog sal die reël bly geld: ‘Elkeen neem die las van die uiterlike ellende op sy eie skouers en volg My na!’ - Verstaan jy dit nou?"

[12] **Cyrenius** sê nog ietwat mismoedig: "Ja, ek verstaan jou goed en kan nie daaromheen kom nie, en ek gee toe dat jy die waarheid gepraat het, maar desondanks is dit moeilik om sulke lewensvoorwaardes aan te hoor!"

### *Die eenheid van die ewige lewe*

**32** **Mathael** sê: "Hierdie lewensvoorwaardes klink ongetwyfeld minder aangenaam as die mooi verhale oor `n lentelewe fantasie, waarin die lewe rondfladder soos voëls in die lug of soos vlinders en

goue eendagsvlieë, wat van blom tot blom dwarrel en uit hul kelke die soete dou opsuig. Daarom kan mens so `n wellustige lewe slegs maar `n vergank-like daglewe noem, wat ten eerste nouliks van homself bewus is en daarom ten tweede eintlik ook heeltemal geen lewe is nie. Watter nut sou so `n vlinderbestaan uiteindelik vir die mens hê? Dink tog aan die duur van hierdie lewe! Sewentig, tagtig, negentig jaar is reeds `n hoë ouderdom, dan word die liggaam al swak en hulpbehoewend; slegs één ietwat bose windvlaag en dit is die einde!

[2] Vra egter: Wat kom dan daarna? Wie kan jou die regte antwoord daaroor gee, as jy voorheen gedurende jou aardse lewe nie alles gedoen het om jou hele bestaan `n volledige antwoord te laat wees nie, vóór die bose windvlaag kom?! As jy hierdie gewyde antwoord egter in jouself gevind het, sal jy sekerlik ook nie meer aan iemand angstiglik vra: Wat sal hierna volg, as daar aan hierdie kort lewe `n einde gekom het?

[3] Daarom is dit noodsaaklik om nie jou lewenswater vir die liggaam maar altyd in die behaaglike koelte te laat staan nie, maar om dit na die vuur te bring om dit te kook, sodat dit in magtige dampwolke kan opstyg en hom vorm tot `n nuwe lewe. Anders is alles verniet. Laat my woorde nóg so onaangenaam vir jou wees, tog bly die waarheid ewig waarheid - en slegs dáárdeur kan `n mens die ware en volle lewensvryheid bereik, waarsonder geen egte, ewige lewe denkbaar is nie!"

[4] Nou sê Cyrenius op `n baie milder toon: "Ja, ja, beste vriend Mathael. Ek sien nou wel dat jy die volle waarheid besit oor die hele samehang van die lewe en daar is redelikerwys niks daarteen in te bring nie! Jy is in jou sfeer al volledig tuis in die lewe, maar ons is nog lank nie daar nie!

[5] `n Mens wens net dat jy jou lewensleer saam-gevat sou hê in `n sekere sisteem, waarmee `n mens die kinders kon opvoed, sodat hulle langs dié weg des te makliker kan bereik wat vir die volwasse man uiteindelik tog nog ietwat te moeilik is!"

[6] Mathael sê: "Wat jy wens, het deels al gebeur en sal nog baie dikwels gebeur! Kyk, die groot en magtige Verlosser wat ons genees het, het alle moontlike voorsorgmaatreëls daarvoor getref. Ons vyf ken nou ook wel die weg, maar dit sou tog baie moeilik wees om alles te bring in `n sisteem vir algemene onderrig, maar vir mense soos jy sou ons in geval van nood dit ook nog kan opklaar! Want vir `n mens, wat hom eenmaal, met alles wat hy doen, op die weg van die waarheid bevind, is bepaald niks heeltemal onmoontlik nie omdat die eintlike, vrye lewe één geheel is, of dit hom nou in Elohim, in `n engel of in `n mens bevind.

[7] Maar natuurlik het jy selfs in die reeds volmaakte vrye lewe nog buitengewoon groot verskille. Want `n lewe, wat nog maar pas van homself bewus geword het, het natuurlik lank nie soveel krag as `n lewe wat homself al eeue gelede waaragtig in sy hele volheid en diepte herken en verstaan het nie. So `n lewe het nou `n meester van die oneindigheid geword en alle hemelliggame met alles wat dit dra, word deur hierdie lewe regeer.

[8] Sover, vriend, sal ons dit uit eie krag ook wel in der ewigheid nie kan bring nie, maar deur die éénwording met hierdie lewe sal ons uiteindelik ook dit asof uit eie krag kan doen wat die groot Ewige Lewe van Elohim kan. Ook is daar bepaalde, volmaakte lewenskragte wat blykbaar direk volg op die Ewige Lewenskrag van Elohim.

[9] Die kragte staan ver bo ons as nog so vry en selfstandige, selfbewuste lewenskragte; ons noem hulle 'engele' (boodskappers). Hulle is besondere verteenwoordigers van die algemene lewenskrag van Elohim. Tog kan ons, deur één te word met Elohim se algemene lewenskrag, op gelyke hoogte met hulle kom.

[10] Maar soveel as wat ons deurgemaak het om dit te besit wat ons nou besit, sal jy nie deurmaak nie en tog sal jy besit wat ons besit, want die siele van hierdie aarde het, omdat hulle reeds op eie grond is, dit in alles baie makliker as diegene wat van `n volmaakter wêreld hierheen gebring is.

[11] Dit is egter nou eenmaal vir alle ewigheid deur Elohim se oerlewe besluit dat juis hierdie nietige aarde die toneel van Sy Barmhartigheid sal word en dat die hele oneindigheid in `n sekere sin nou reeds dadelik in die nuwe orde sal binnegaan en dit daarin sal moet voeg as dit gemeenskaplik sou wou deel-neem aan die eindelose saligheid van die Een Lewe van Elohim. Daarom moet mens ook gehoorsaam wees, al kos dit wat!

[12] Helaas, as ons lyding nie hier beëindig was nie, wat ons nou egter stuksgewys en bietjies vir bietjies begin besef, sou `n totale dood vir ons ook baie, baie beter gewees het as `n nog maar enkele dae langer durende lewe waarvan die kwellinge alle beskrywings te bowe gaan, ook al sou ons daarna dadelik binne algehele godsaligheid kon ingaan!

[13] Maar, soos dit vir ons nou steeds duideliker word, het die groot Lewensverlosser ons lyding nog vóór die vasgestelde tyd beëindig en nou eers begin ons onsself meer en meer daaroor te verbly en ons sien nou in dat die Groot Gees van Elohim tans werklik hierdie aarde tot toneel wil maak van Sy erbarming en ook sal maak. Maar helaas ook tot `n toneel van die grootste vervolginge, van hoogmoed, van pronksug en die grootste moontlike vyandigheid teen alles wat geestelik suiwer en die enigste goeie en ware is!"